NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN
MEI 2023

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 7 bladsye (i–vii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit:

   Afdeling A, wat die volgende insluit:
   - visuele bronontleding
   - tekstuele bronontleding
   - huidige media-/tekstuele ontleding

   EN

   Afdeling B, wat die volgende insluit:
   - brongebaseerde vrae, wat die Bronmateriaalboekie gebruik
   - kennisgebaseerde vrae

   EN

   Afdeling C, wat die volgende insluit:
   - 'n bron-gebaseerde opstel wat die Bronmateriaalboekie gebruik

3. Lees die vrae noukeurig.

4. Al die vrae moet beantwoord word. Trek 'n 2 cm regterkantlyn. MOENIE daarin skryf nie.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.

8. Kandidate moet aandag aan die puntetoekenning skenk. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.

9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou eie kennis te gebruik.

IEB Copyright © 2023


HIERDIE BLADSY IS OPSETLIK BLANKO GELAAT

IEB Copyright © 2023

AFDELING A

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

Hierdie spotprent deur Michael Cummings het op 2 Augustus 1960 in die *Daily Express* verskyn. Die spotprent beeld twee gebeurtenisse in die Kongo se geskiedenis uit: aan die linkerkant van die spotprent – die toekenning van onafhanklikheid aan die Kongo in 1960, en aan die regterkant van die spotprent – die wegbreek van Katanga-provinsie van die Kongo na onafhanklikheid.



[Aanlyn beskikbaar by: <https://pdst.ie/sites/default/files/The%20Secession%20of%20Katanga%2C%201960-1965.pdf> Verkry op 18 Februarie 2022]

1.1 1.1.1 Hoe word België in die spotprent uitgebeeld? Verwys na EEN visuele leidraad in jou antwoord. (4)

1.1.2 Stel 'n rede vir hierdie uitbeelding voor. (2)

1.2 Verwys na DRIE visuele leidrade wat aandui dat die spotprenttekenaar reken dat daar ooreenkomste tussen die twee gebeure is. (6)

1.3 Watter punt maak die spotprenttekenaar oor Lumumba? (2)

1.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik kortliks wat daartoe gelei het dat Katanga van die Kongo weggebreek het. Gee TWEE omvattende punte. (4)

1.5 Verduidelik kortliks EEN beperking van HIERDIE spotprent as historiese bewys. (2)
[20]

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n aanlyn artikel deur Chris Erasmus ('n joernalis wat vir verskeie SA koerante gewerk het en stigter van 'n aantal SA tydskrifte), genaamd: *"Will The Murder Of Black Leader Chris Hani Send South Africa Hurtling Towards A Bloody Race War?"* wat op 26 April 1993 gepubliseer is.

As daar enige vraag was wat die sluipmoord op swart bevrydingsleier Chris Hani vir Suid-Afrika en sy stryd vir vrede sou beteken, kon daar geen duideliker antwoord wees as die chaos* wat die sentrale Kaapstad en ander groot stede verlede week verswelg het nie … swart jeugdiges het op 14 April op 'n brandstigting, plundering en vandalisme-stormloop* gegaan wat die nasie tot in sy fondamente geskok het. **(Paragraaf 1)**

Vir 'n generasie jong swartes het Hani, die … sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en stafhoof van die African National Congress (ANC) se gewapende vleuel, Spear of the Nation, die trotse gesig van geregverdigde* rebellie verteenwoordig. Sy gewelddadige dood aan die hand van 'n wit ekstremis het hul groeiende frustrasie met die stadige pas van politieke verandering ontketen. Terwyl die puin* van die stormloop opgeruim is … het twee oorheersende* vrae oorgebly. Het die ANC en sy bondgenote in die anti-apartheidsbeweging beheer oor die woedende en verbitterde jeug verloor? En indien wel, is daar enige hoop op vrede …? **(Paragraaf 2)**

… dit was dwingende kwessies op die lippe van gewone Suid-Afrikaners, swart en wit, … Dit was nie net dat nog 'n senior ANC-amptenaar vermoor is nie. Of selfs dat 'n wit man met bekende neo-Nazi verbintenisse vir die moord gearresteer is nie. Dit was dat Hani (50) naas Mandela die ANC se gewildste figuur was … hy het die respek, bewondering en liefde van die hoofsaaklik vervreemde jeug afgedwing. **(Paragraaf 3)**

Hani se goeie vriend en mede-revolusionêr, Tokyo Sexwale, het op nasionale televisie in die nasleep van die Kaapstadse oproer gewaarsku ... "Die regering moet besef dat daar nie meer tyd is nie en dat ons nie kan voortgaan om die woede in bedwang te hou nie" ... "Ons moet binnekort tussentydse* heerskappy en gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte hê. Ons moet nou iets aan ons mense lewer." **(Paragraaf 4)**

[Aangepas en aanlyn beskikbaar by: <https://archive.macleans.ca/article/1993/4/26/burning-questions> Verkry 15 Februarie 2022]

*chaos – wanorde
*stormloop – 'n groot groep mense wat op gewelddadige en onbeheerbare wyse deur 'n plek beweeg
*geregverdigde – moreel korrekte
*rommel – verstrooide oorblyfsels
*oorheersende – belangriker as enigiets anders
*tussentydse – in die tussentyd, tydelike

IEB Copyright © 2023

2.1 Hoekom het swart jeugdiges, volgens die bron, die stormloop begin nadat Chris Hani vermoor is? Verskaf DRIE redes. (Paragraaf 1, 2 en 3) (6)

2.2 Hoe besorg was Suid-Afrikaners oor die impak van Hani se dood en die daaropvolgende protes? Gee TWEE bewyse om jou antwoord te staaf. (Paragraaf 2 en 3) (6)

2.3 Haal TWEE frases uit Paragraaf 4 aan wat aandui dat Tokyo Sexwale ander Suid-Afrikaners se gevoel gedeel het dat 'n vreedsame, onderhandelde skikking in gevaar was. (4)

2.4 Gebruik jou eie kennis van die tydperk 1990 tot 1994 in Suid-Afrika en verduidelik of die vrese oor die negatiewe impak wat Hani se dood op Suid-Afrika se oorgang na demokrasie kon gehad het, waar geword het. (4)

[20]

IEB Copyright © 2023

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel deur James L Gibson (Professor van Regering aan die Washington Universiteit in St Louis) en Amanda Gouws (hoog-aangeskrewe professor in Politieke Wetenskap aan die Stellenbosch Universiteit) wat op 30 Januarie 2022 in die *The Daily Maverick*- koerant gepubliseer is.

Desmond Tutu se nalatenskap en die WVK: Kan waarheid 'n verdeelde nasie versoen?



… Suid-Afrika se WVK, wat in 1995 geïnisieer is, het gepoog om 'n kollektiewe geheue vir Suid-Afrika ("waarheid") te skep met die hoop dat die opstel van 'n dokumentêre rekord van die land se apartheidsverlede tot "versoening" sou bydra. Hierdie dapper onderneming om die land se lot te vorm het baie van die land se energie verbruik gedurende die beginjare van sy oorgang na demokrasie. Tutu het hierdie poging gelei. **(Paragraaf 1)**

Hoe suksesvol was die waarheid- en versoeningsproses in Suid-Afrika? … Baie mense kla dat die blootlegging van die wandade* van sowel die apartheidsregering as die bevrydingsmagte rassespanning in die land vererger het. Sommige … verwerp … dat "waarheid" ooit tot versoening lei, en voer eerder aan dat die onthulling van die besonderhede oor die verskriklike gebeure van die verlede mense net verbitter, wat hulle veel minder gewillig maak om saam te bestaan. **(Paragraaf 2)**

… die oorgrote meerderheid van elke rassegroep in Suid-Afrika – insluitende wittes – glo dat apartheid soos dit in hul land geïmplementeer is, 'n misdaad teen die mensdom was. Die belangrikste is dat dié wat die WVK se waarheid oor die verlede aanvaar, meer geneig is om versoening voor te staan, polities en rasverdraagsaam te wees, menseregte hoog te ag en die legitimiteit van die nuwe politieke bedeling* in die land te aanvaar. … **(Paragraaf 3)**

Miskien is die belangrikste les wat deur die WVK gepromulgeer* word dat "albei kante tydens die *Struggle* aaklige dinge gedoen het" … Omdat die proses oop, menslik en prosedureel regverdig was, kon die WVK die bewussyn van alle segmente van die Suid-Afrikaanse bevolking met sy boodskap binnedring ... **(Paragraaf 4)**

… Tutu en Mandela was ongetwyfeld instrumenteel* om mense die WVK se kollektiewe geheue te laat aanvaar en gevolglik met versoening voort te gaan. Tutu se boodskap van vergifnis, hoewel baie dit irriterend gevind het, het 'n dwingende verwysingsraamwerk* geskep om die gruweldade wat aan die lig gekom het, te verstaan ... Die "Arch" was beslis nie die enigste bydraer tot die sukses van Suid-Afrika se waarheid- en versoeningsproses nie. Maar dwarsdeur die oorgangs-tydperk het alle Suid-Afrikaners Tutu as 'n baken van versoening beskou. **(Paragraaf 5)**

[Aangepas en aanlyn beskikbaar by: < https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-01-30-desmond-tutus-legacy-and-the-trc-can-truth-reconcile-a-divided-nation/> Verkry op 15 Februarie 2022]

*wandade – gruwelike of onwettige dade
*vererger – vererger
*bedeling – 'n politieke stelsel
*gepromulgeer – bevorder, alom bekend gemaak
*instrumenteel – een van die belangrikste invloede
*dwingende verwysingsraamwerk – belangrike algehele idee wat help om iets te verstaan

IEB Copyright © 2023

3.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die konsep van "herstellende geregtigheid". (2)

3.2 Waarom het die Waarheid- en Versoeningskommissie hierdie metode gebruik om misdade teen die mensdom in Suid-Afrika te hanteer? (2)

3.3 Baie Suid-Afrikaners het die WVK-proses gekritiseer. Gebruik jou eie woorde en verskaf TWEE punte van die proses waarteen hierdie kritici gekant was. (Paragraaf 2) (4)

3.4 Evalueer Tutu se rol in die bevordering van versoening in Suid-Afrika deur die bron te gebruik. Skryf VIER punte. (8)

3.5 Hoe nuttig is hierdie bron vir 'n historikus wat Tutu se rol in die versoeningsproses in Suid-Afrika navors? Skryf EEN punt om jou antwoord te ondersteun. (4)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2023

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord die vrae wat volg:

Verwys na Bron A

4. Lys VIER suksesse van die vrouebeweging in die 1970's, volgens die bron. (8)

5. Verskaf DRIE aanhalings wat toon dat die vrouebeweging nie heeltemal suksesvol was nie. (6)

Verwys na Bron B

6. 6.1 Beskryf die gemoedstemming in hierdie foto. (2)

   6.2 Verskaf EEN visuele leidraad wat jou antwoord op Vraag 6.1 staaf. (2)

   6.3 Is die gemoedstemming in die foto geregverdig? Gebruik jou eie kennis en verskaf EEN bewys om jou antwoord te staaf. (4)

Verwys na Bron C

7. Watter bewyse is daar in die bron wat aandui dat die Vroueregtebeweging beperkte sukses gehad het? Verskaf DRIE omvattende punte. (6)

8. Hoe suksesvol was die vroueregtebeweging, volgens die bron, ten spyte van enige mislukkings? Verskaf TWEE bewyse van die bron om jou antwoord te staaf. (6)

9. Gebruik jou eie kennis en noem DRIE metodes wat die Vroueregtebeweging gebruik het om hul saak te bevorder. (6)

Verwys na Bron D

10. Hoe omvangryk was Phyllis Schlafly se steun, volgens hierdie bron? Verwys na TWEE leidrade uit die bron om jou antwoord te staaf. (6)

Verwys na Bron E

11. **Antwoord WAAR of ONWAAR, deur Bron E en jou eie kennis te gebruik. Geen verduideliking is nodig nie:**

   11.1 Die Vrouebevrydingsbeweging het 'n skaap op die verhoog laat paradeer om teen skoonheidskompetisies te betoog. (2)

   11.2 Die "radikale" beweging wat in die bron genoem word, verwys na die Vrouebevrydingsbeweging. (2)

   11.3 Gloria Steinem en Betty Friedan was deel van die radikaler groep wat vir vroueregte geveg het. (2)

IEB Copyright © 2023

11.4 Volgens die bron het die vroue wat "wetgewing en sosiale druk" gebruik het om vir vroueregte te veg, baie min bereik. (2)

11.5 Gloria Steinem en Betty Friedan het die boek *The Feminine Mystique* saam geskryf. (2)

Verwys na Bron F

12. **Gebruik Bron F om die volgende vrae te beantwoord. Skryf SLEGS die antwoord neer.**

12.1 Is dit 'n primêre of 'n sekondêre bron? (2)

12.2 Die voorblad toon verskeie beelde van die stereotipiese rolle van vroue, soos deur mans in die 1950's beskou, waarteen die vrouebeweging geveg het.

Identifiseer TWEE visuele leidrade (afbeeldings) en verduidelik na watter rol elkeen verwys. (8)

12.3 Hoekom was die publikasie van hierdie tydskrif uniek? (2)

Verwys na Bron G

13. 13.1 Op watter manier word Bron D deur Bron G ondersteun? (2)

13.2 Ondersteun jou antwoord op Vraag 13.1 met bewyse uit ALBEI bronne. (4)

14. **Vind 'n historiese konsep in Bron G wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)**

14.1 Die basiese beginsels en wette van 'n nasie wat die magte en pligte van die regering bepaal en sekere regte aan die mense daarin waarborg. (2)

14.2 Verpligte werwing vir militêre diens. (2)

14.3 Diegene wat die sosiale, ekonomiese en politieke gelykheid van vroue bevorder. (2)

14.4 Die gewone mense in 'n samelewing of organisasie. (2)

Verwys na Bron H

15. Gebruik die bron en lys VIER prestasies van die Vroueregtebeweging wat 'n aansienlik positiewe impak op vroue se lewens in die Verenigde State gehad het. (8)

90 punte

IEB Copyright © 2023

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTELVRAAG

VRAAG 16

Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaal boekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate kan die Vrouebeweging in die Verenigde State gedurende die 1960's en 1970's as suksesvol beskou word?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om gereeld na die bronne se letter te verwys.

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2023